# BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

**Suid-Afrika/South Africa**

TREWHELLA CAMERON (general editor); S B SPIES (advisory editor), *An Illustrated History of South Africa*, Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 1986, 320 pp., R39,95 + GST.

Little Jack Horner
Sat in a corner
Reading his Illustrated History of South Africa;
He put in his thumb
And pulled out a plum
(and also a couple of lemons which shouldn't have been there).

This new, "general, illustrated history" is indeed the literary equivalent of a Christmas pudding, with its rich mixture of core essays, pictorial material (comprising maps, cartoons, photos, drawings and paintings — some attributed, some inexplicably not, with an unfortunate gaffe in the description of the money-changer "Old Moses" as "a fruit and vegetable vendor") and "boxes" of information scattered throughout the text, and designed to provide additional comments on people, places and concepts.

The stated aim of the volume is to give the "interested, intelligent, general" reader a "clear understanding of historical processes and structures"; it invites this person "to examine the inner mechanics of South African society through the eyes of prominent historians". One's first response is to visualise this imaginary reader. In a society distinguished by ethnicity and cultural multiplicity, dare one ask: To which group does he belong? What are his political beliefs? And so forth. These are not frivolous questions designed to score cheap debating points. For even the non-specialist reader is not a *tabula rasa*. He may not possess extensive historical knowledge. But if he is "interested, intelligent" he will bring to the business of reading some kind of philosophy or *weltanschauung*. He will, that is, engage in a dialogue with the historians represented here, in which he hopes they will not only freshly interpret the past, but will help him understand the present, and perhaps even prepare him for the future.

Put another way, does this volume succeed in its stated aims of anatomizing South African society (up to the point where it is right now), through the agency of historians who are "aware of changing philosophies and new attitudes in South African historiography"?

Yes and no. Structurally the book promotes two different states of awareness among its readership. The essays will interest the more serious reader who wants a coherent discussion of a particular problem or period. The reader that is, who will be enlightened, but not overwhelmed, by Tobias's crisp outline of the probable evolution, over two million years ago, on the African continent, of the genus *Homo*. The reader who will appreciate the interdisciplinary approach required to give "black" history the same consideration that the "white" variety has enjoyed, by establishing purposive movement in the migrations of pre-literate black peoples, and analysing, in their own terms, the characteristics of the polities which subsequently developed. (The contributions of Peires and Edgecombe highlight the problems involved in reconstructing historical sequences and establishing chronology from jejune sources).

The contributors do not, however, uniformly display an awareness of "changing philosophies" or even, it would seem, of recent research in South African historiography. Several of the essays will appear, even to the non-specialist, as an unimaginative rehash of the old material.

There are obvious exceptions. While using a conventional narrative approach, Basil le Cordeur has incorporated recent research, and utilizes it skilfully, in his analysis of the colonial society which emerged as a result of the Cape's absorption into "the first industrial power of the modern world". Similarly advisory editor, S.B. Spies, provides fresh insights in delineating the political problems and socio-economic complexities (and particularly the question of black/white relations) in the post-South African War period.

A different readership will be served by the "boxes" (some signed, some not) and pictorial material; the person who wants instant knowledge, easily acquired. (There is one exception, namely the essay on the Anglo-Boer War. Here the pictures — the Modder River dressing station; juxtaposed photos of Louis Botha and Lord Roberts; the trial of George Malhome for stealing a goat — provide far more trenchant comments than Pakenham's article does, on wartime issues such as the primitive conditions of hygiene, the nature of the two opposing armies and the rôle of blacks). In addition Peter Warwick's "box" on the last topic, is a masterpiece of comprehensiveness and brevity.

Writing very recent contemporary history challenges any historian's abilities for obvious reasons. Rodney Davenport's contribution covering internal affairs between 1961 and 1984, strikes the right balance between narrative and comment. In his dovetailing of white and black politics, Davenport shows his

customary expertise in providing a broad survey without sacrificing essential detail. The interest of his contribution is enhanced by some telling perceptions. In characterizing the political styles of South Africa's last prime ministers, he refers, for example to the effect of his wartime experiences as a paramilitary leader, on Vorster's policy as Minister of Justice; a comparison between forced removals and Highland clearances is however, a less happy notion.

To sum up: Many representatives of that elusive category, the "general reader" will probably enjoy this attractive production. One major drawback, for this reader, is the absence of specific contributions dealing with social and economic history; a second volume may therefore, be in order at a later date.

EDNA BRADLOW
*University of Cape Town*

*'n Eeu van Onreg*, Afrikaanse vertaling deur F J le Roux met 'n voorwoord deur D J van Zyl, Human & Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1985, 79 pp., R14,95 + AVB.

Hierdie vlugskrif wat net twee dae voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog verskyn het, is nou vir die eerste keer in Afrikaans beskikbaar. Dit moet verwelkom word, want die denkbeelde daarin vervat het vir baie jare die basis gevorm van die Afrikanergeskiedbeskouing. Die siening van die veronregte Afrikaner, wat vir 'n eeu lank (1806 tot 1899) onder die juk van Britse dwingelandy gebuk moes gaan — "Ons honderdjarige verdrukking en vervolging" soos dit op p. 65 genoem word — het in skoolteksboeke neerslag gevind. Dit het tot gevolg gehad dat geslagte van Afrikaner- (en ander) skoolkinders 'n eensydige blik op die geskiedenis ontvang het wat selfs vandag nog deur sommige Afrikaners as die enigste visie van die Suid-Afrikaanse verlede beskou word. *'n Eeu van onreg* (of *Eene Eeuw van Onrecht*, soos dit oorspronklik betitel was), was natuurlik nie die enigste geskrif waarin hierdie siening oorheers het nie, maar dit was die hoogtepunt daarvan, en die aggressiewe toon en styl waarin dit geskryf is, het dit wye trefkrag gegee.

Die outeurskap van die dokument was natuurlik baie jare lank 'n bron van spekulasie omdat dit plaaslik anoniem verskyn het, terwyl die buitelandse Nederlandse en Engelse uitgawes later aangedui het dit is "uitgevaardig door" (in Engels "issued by") F W Reitz, die toenmalige staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Daar het die gissinge begin totdat dit uiteindelik in 1957 deur dr. W J de Kock tydens die navorsing vir sy boek *Jacob de Villiers Roos* sonder twyfel vasgestel is dat genl J C Smuts en J de V Roos mede-outeurs was: dit is oorspronklik deur laasgenoemde geskryf en deur Smuts van 'n inleiding en slot voorsien. Veral interessant in dié verband is die mededeling deur Roos se dogter dat Smuts Roos se manuskrip nie "skerp genoeg" gevind het nie — dus nie propagandisties genoeg nie — en vandaar die byvoeging van die inleiding en die slot.

Die geskrif moet natuurlik nie as gewone geskiedskrywing beoórdeel word nie, want dit het aan die vooraand van 'n vernietigende oorlog verskyn en was as 'n propagandamiddel bedoel. Tog gee dit 'n mens 'n waardevolle blik in die emosiebelaaide gemoedere van die Afrikaners van dié tyd. In dié opsig is dit opvallend dat dieselfde emosionele reaksie herkenbaar is by Swartmense wat hulle vandag in die onderdrukte en bedreigde posisie sien waarin die Afrikaners van 1899 hulle bevind het. Die woorde in die heel eerste sin van die inleiding "... dat ons na die wapens moet gryp om die stryd vir vryheid en bestaan te hervat en om ons nasionale saak aan die Voorsienigheid toe te vertrou ...", herinner baie sterk aan die uitlatinge van radikale Swart leiers van vandag wat ook op die hulp van die Voorsienigheid aanspraak maak vir hulle saak. Netso word die posisie van die polisie (en die weermag) in die huidige onrussituasie voor die gees geroep wanneer 'n mens op p. 59 lees dat die *South African League* versoek het dat die polisie tydens sy sogenaamde amfiteater-vergadering van Desember 1898 'n lae profiel moes handhaaf omdat "die teenwoordigheid van die polisie sou bydra of aanleiding gee tot wanorde en dat hulle om dié redes liewer geen polisie daar sou wou hê nie." Die woorde kon net sowel deur 'n Swart organisasie ten opsigte van polisieteenwoordigheid by 'n onlusslagoffer se begrafnis in 1986 gebruik gewees het. Die hele geskrif adem, trouens, dieselfde gees vanuit Afrikanerstandpunt as wat Patrick Duncan se boek *Three Centuries of Wrong* (1952) vanuit Swart oogpunt geïnspireer het.

Maar daar is ook ander parallelle wat by die lees van dié geskrif na vore kom. So, byvoorbeeld, kan 'n mens nie anders as om in die situasie van die laat 1890's dieselfde soort histeriese aanslag teen die Zuid-Afrikaansche Republiek te bemerk as wat tans internasionaal teen die blankes en regering van Suid-Afrika woed nie.

Dit is 'n geskrif wat geléés moet word en wat tot nadenke moet lei. Daarom is die historiese wêreld dank verskuldig aan die uitgewers, die voorwoordskrywer en die vertaler dat dit nou so geredelik beskikbaar is.

D H HEYDENRYCH
*Universiteit van Pretoria*

KAREL SCHOEMAN, *Die Wêreld van die Digter, 'n boek oor Sutherland en die Roggeveld ter ere van N P van Wyk Louw*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1986, 224 pp., kaarte, illustrasies, indeks, R39,95.

N P van Wyk Louw, een van Suid-Afrika se grootste letterkundige figure, is op Sutherland in die Roggeveld gebore en het die eerste veertien jaar van sy lewe hier deurgebring. Dit is 'n streek waarmee hy innige bande gehad het, en waarna hy in sy latere werk telkens verwys het.

Schoeman self verduidelik in sy voorwoord dat hy inligting oor die jeugjare van Van Wyk Louw wou vaslê terwyl dit nog geredelik bekom kan word. Daarnaas wou hy ook die fisieke en geesteswêreld waarin Van Wyk Louw gebore is en grootgeword het, uitbeeld. Die boek het gevolglik uitgegroei tot 'n oorsig van Blanke vestiging in die Roggeveld oor 'n tydperk van byna twee eeue, tesame met 'n geskiedenis van die dorp Sutherland en die familie Van Wyk van Gunsfontein.

In Schoeman se eerste hoofstuk word heelwat lig gewerp op die vroeë inwoners van die Roggeveld, naamlik die Khoisan en hulle stryd in die loop van die 18de eeu om weerstand te bied teen die volgehoue Blanke immigrasie vanuit die suide. So laat soos 1829 is daar nog kommando's uit die Roggeveld teen die Khoisan uitgestuur. Dit was egter die laaste stuiptrekkings van die vergeefse verset wat bykans tagtig jaar lank in hierdie geweste gewoed het. Die meeste van dié inheemse bevolking het reeds noordwaarts uitgewyk na die Sakrivier en die sogenaamde Boesmanland terwyl die oorblywendes meestal reeds vir 'n generasie of meer in gedwonge diens by die Blankes was. Hulle was heeltemal losgeruk uit die patroon van hul eeue-oue tradisionele bestaan, onbewus van hul verlede besig om in die nuwe Kleurlingbevolking van Suid-Afrika op te gaan.

Die eerste Blankes wat hulle omstreeks 1740 in die Roggeveld gevestig het, was byna sonder uitsondering skaapboere. Met verloop van tyd het oorbeweiding en gronderosie 'n verandering in die natuurlike plantegroei begin teweegbring en die verdwyning van die grasveld deur Karooveld bewerkstellig. Aangesien hierdie boere op die mees noordelike grens van die kolonie was, moes hulle hul maar moeisaam probeer vestig en handhaaf met min bystand van die verre owerheid. Eers met die tweede Britse besetting in 1806, het 'n era van vooruitgang aangebreek waarby die geïsoleerde boeregemeenskappe van die binneland mettertyd gebaat het.

Waarskynlik was dit ingevolge die toenemende aandag van die kerk dat die eerste veranderings in die lewe van die Roggeveldse boere bewerkstellig is. In 1853 is daar besluit op die stigting van 'n gemeente en die plaas De List in die Middel-Roggeveld is aangekoop om as kerkplaas te dien. In April 1855 is die eerste kerkraadsvergadering van die gemeente gehou en in 1857 is opdrag gegee dat daar op De List 50 erwe uitgemeet moet word vir 'n kerkdorp wat na ds Sutherland van Worcester vernoem sou word. In November 1858 is die eerste erwe opgeveil en so het die dorp Sutherland tot stand gekom. Vir byna dertig jaar van sy bestaan het Sutherland afhanklik gebly van Fraserburg, veertien uur ver, en ook in die skadu gestaan van die groter buurdorp met sy lewendige bevolking.

Heelwat aandag word gewy aan die familiegeskiedenis van die Van Wyks van Gunsfontein wat baie interessante leesmateriaal vorm. In 1879 is Nicolaas Petrus (Klaas) van Wyk getroud met Catharina Johanna Frederika (Cato) van Wyk. In een of ander stadium na sy huwelik het Klaas verhuis na die plaas Gunsfontein ten ooste van Verlatekloof. Aanvanklik het Klaas dit gehuur maar teen 1893 was hy vermoënd genoeg om Gunsfontein vir homself te kon koop. Gunsfontein was een van die oudste plase in die Roggeveld en sowat twee uur met die perdekar vanaf Sutherland.

Die egpaar Van Wyk sou vyf kinders hê waarvan die oudste dogter, Martha of Poppie op 8 Junie 1904 met Bismarck von Moltke Louw op Sutherland getroud is. Poppie en Moltke Louw het vier seuns gehad, naamlik Kobus, Van Wyk, Bismarck en Gladstone. Nicolaas Petrus van Wyk Louw is op 11 Junie 1906 gebore en is as tweede seun na sy grootvader aan moederskant vernoem, maar wel met van sowel as voornaam, wat minder gebruiklik was, en daarby is hy ook altyd "Van Wyk" genoem en nie "Klaas" of, 'n variant hierop, soos sy naamgenoot nie.

Op die twee familieplase, Gunsfontein en Boesmanshoek, kon Van Wyk Louw naas sy belewenis van die natuur ook kennis opdoen wat hy teen die einde van sy lewe nog hoër geskat het: kennis van die tradisionele Afrikaanse plattelandslewe soos dit oor 'n tydperk van byna twee eeue in feitlik geslote kring ontwikkel het. Die Roggeveldse wêreld het Van Wyk Louw as kind ervaar en as adolessent tydens besoeke waargeneem, en destyds al was sy waarneming en sy aanvoeling fyn genoeg om hom te laat besef dat dit iets eiesoortig is. Toe sy literêre ambisies bo die vlak van skoolopstelle begin uitstyg, was dit ook in die boerewêreld van sy jeug dat hy na stof begin soek het vir sy literêre skeppings. Van Wyk Louw het uit sy herinnerings aan 'n gelukkige jeug en sy innige maar wesenlike onvolledige kennis van die streek, 'n selektiewe en geïdealiseerde wêreld opgebou, wat weliswaar op die werklikheid berus, maar bo hierdie basis uitstyg om 'n eie, selfstandige identiteit te verkry en sodoende kunste word.

'n Reeks aaneengeskakelde volksrympies en gediggies wat onder die titel "Klipwerk" saamgevat is, het byvoorbeeld uitgegroei tot 'n monument nie net vir die Roggeveldse wêreld van Van Wyk Louw se jeug nie, maar vir die hele plattelandse kultuur wat deur die Afrikaanssprekende in Suid-Afrika tot stand ge-

bring en vir meer as tweehonderd jaar hier gehandhaaf is, maar wat intussen so onherroeplik ten onder gegaan het. Dit het ontstaan op die stramien van sy eie herinnerings aan die Roggeveld en later aan die Hantam; soos hy self in hierdie verband gesê het: "Ek wou dié ou wêreld hérskep in woorde: die inhoud van die versies is alles wat ek uit daardie wêreld geken het ..." (p. 186). In "Klipwerk" is daar geen elemente wat met beslistheid regstreeks aan die jeugjare van die digter gekoppel kan word nie, maar die hele gedig is vol plaaslike eggo's en outobiografiese assosiasies en herinneringe.

In eie reg staan "Klipwerk" onder die mees beduidende werk van Suid-Afrika se grootste digter en een van die min literêre figure van wêreldformaat wat die land nog opgelewer het. Vir die Afrikaanse leser dien dit daarnaas ook as herinnering aan die feit dat die Afrikaner in hierdie land eens 'n eie kultuur besit het, wat binne sy aantoonbare beperkings en met sy opvallende gebreke nogtans 'n heel eie skepping was, gekenmerk deur egtheid en vitaliteit.

Schoeman het ongetwyfeld goeie en volledige navorsing gedoen as gekyk word na sy bronnelys. Sy aanwending van verwysings, naamlik om syfers in die teks te gebruik wat ooreenstem met die genommerde inskrywings in die bronnelys agter in die boek vind ek onwetenskaplik maar tog bruikbaar. Dit is ook 'n heerlike boek om net in rond te blaai aangesien dit geïllustreer is met 82 eietydse foto's, waarvan die meeste vir die eerste keer gepubliseer word, en 128 wat spesiaal vir hierdie doel geneem is, tesame met twee kaarte. Die resultaat is 'n beeldende en boeiende vergestalting van 'n stukkie Suid-Afrikaanse vergangenheid.

ELRIDA BELL
*Universiteit van Pretoria*

T V BULPIN, *Scenic Wonders of South Africa*, 320 pp., ill. (117 kleur). Books of Africa Ltd/C. Struik, Kaapstad,. 1985, R32,00.

Afgesien van die wetenskaplike geskiedbeoefening bestaan daar ook 'n meer populêre benadering van vroeëre gebeure. Dit lê hom minder toe op een enkele persoon, gebeurtenis of periode en is meer toegespits op die merkwaardige en die opvallende. Daar word egter sekerlik nie minder gebruik gemaak van die argief as wat by die gespesialiseerde geskiedskrywing die geval is nie. Maar dit soek meer na variasie, die curiosa in die verlede en na allerlei kleiner besonderhede. Dikwels gaan geskiedenis en sosiologie hier saam. Op hulself is al die verhale besonder interessant, hulle vorm eintlik toeligting op die hoofgebeure, wat egter in wese deurgaans nie sterk daardeur beïnvloed is nie. Mens ontmoet hier opvallende figure uit die samelewing, bygelowe, ou straatname, karre, skepe, spookhuise, ruïnes, wat ook al. Sulke boeke het gewoonlik romantiese titels en hulle vind by die publiek veel byval. Ons ken die lang reeks werke van Lawrence Green, wat reëlmatig elke jaar iets nuuts laat verskyn het. Daar is Eric Rosenthal. Tot hierdie groep behoort ook T.V. Bulpin.

Bulpin onderskei hom egter van die ander skrywers in meer as een opsig. Net soos hulle het hy 'n vlot verteltrant, maar sy feiterelaas is minder ensiklopedies verkort, waardeur dit beter kan onthou word. Bo alles egter is sy boeke beter geïllustreer as meeste ander. Die pragtige gekleurde afbeeldings wat ons by Bulpin aantref is ongetwyfeld 'n ansporing op hulself om so 'n boek aan te skaf. Bowendien beperk Bulpin hom tog weer meer as ander skrywers tot een bepaalde streek en trag hy om soveel moontlik gesigspunte hiervan te belig. Dit is ook een van die aantreklikhede van hierdie boek oor die skouspelagtige van die landskap in Suid-Afrika.

Bulpin deel die geologiese ontwikkeling in tien ongelyke periodes in. Hy begin baie vroeg, met ou graniet, amper by die totstandkoming van die Aardbol. Dis die swart graniet wat veelvuldig gebruik is vir die prehistoriese bouwerke in Zimbabwe en Oos-Transvaal. Dit is moeilik om 'n juiste voorstelling te maak van hoe die Aarde toe gelyk het, omdat dit so verskillend is van die ander planete. Daar is geen vergelykbare voorbeelde in ons sonnestelsel nie.

Daarna, ongeveer 2 500 miljoen jaar gelede, het die Witwatersrand se rif ontstaan. Vanaf die ontdekking van goud deur George Harrison, nou honderd jaar gelede, het dit die geskiedenis van Transvaal, Suid-Afrika en die hele wêreld verander.

In die daaropvolgende periode vind versakkings, vorming van grotte en die ontstaan van binnelandse seë plaas. As hulle opdroog, is daar sterk vulkaniese werkings, wat 'n menigte minerale tot na aan die oppervlakte bring. Tussen 1 000 en 500 miljoen jaar gelede het die Kangogrotte tot stand gekom. Daar was 'n periode van paradys-agtige begroeiing, gevolg deur ysige koue. Tafelberg ontstaan en die verskillende poorte en klowe in die Kaap word gevorm.

Ys word weer gevolg deur tropiese woude en moerasse en steenkoolvorming. In hierdie tyd kom die dinosauri tot ontwikkeling en hulle bestaan voort vir miljoene jare. Suid-Afrika is baie ryk aan prehistoriese oorblyfsels uit hierdie periode. Baie koppies word nou gevorm, veral in die Karoo.

Ons ken die geskiedenis van die Drakensberge, die bewoning van die Ndedema-vallei met sy 4 000

Boesmanskilderinge. Daar is die geskiedenis van bergklimmers en die dramatiese voorval in 1947, toe Thomas Pickney van die muur van die Amfiteater te pletter geval het en George Thomson, Peter Pope-Ellis en Herzog (nie Peter nie) Henning vergeefs getrag het om die plek te bereik waar die lyk gelê het. Dit is Bulpin se boeiende verteltrant wat al hierdie bekende verhale tog weer interessante leesstof maak. Hy verduidelik ook die aanwesigheid van soveel see-fossiele op die vlaktes in die binneland en die vorming van blougekleurde klei-pype waarin diamante aangetref word. Nie elke pyp bevat egter noodwendig ook diamante nie.

Bulpin is bekend vir sy boeke oor die pioniers- en jagterslewe, Suid-Afrika in die algemeen, die lande langs die oewer van die Zambezirivier, Transvaal, Natal en eilande in die Indiese Oseaan. Hierdie boek is die derde deel in die reeks "The Heritage of Africa". By 'n eerste deurblaai kry mens die indruk dat dit hoofsaaklik handel oor die pragtige landskap, waarvoor Suidelike Alfrika so bekend is. In werklikheid gaan dit baie dieper en is dit 'n verduideliking van die berg- en rotsverskynsels, dale, vlaktes, bosse, minerale, plantegroei en klimaat wat ons vandag om ons heen sien. Hy doen dit op 'n eenvoudige en vir almal begryplike manier. Wanneer ons weer langs die paaie stap of ry, het ons 'n beter insig in wat ons daar almal opmerk of wat ons tevore nie raakgesien het nie.

Dit is 'n pragtige boek, wat mens telkens weer wil deurkyk en lees. Wat meer kan van 'n boek gesê word?

F G E NILANT
*Professor Emeritus, Universiteit van Pretoria*

**Europa/Europe**

GERHARD HIRSCHFELD (red.), *The policies of genocide: Jews and Soviet prisoners of war in Nazi Germany*, London, Allen & Unwin for the German Historical Institute, 1986, XI + 172 pp., bibl., indeks, £5,95.

Die *German Historical Institute London* (GHIL) is ongetwyfeld een van die mees dinamiese inrigtings van sy soort in die wêreld. Omdat die GHIL in teenstelling met soveel ander institute in die hedendaagse wêreld geen wesenlike gebrek aan die nodige fondse het nie, lewer hierdie inrigting werk van 'n puik en baie hoogstaande akademiese gehalte. Die GHIL is 'n sprekende voorbeeld van waartoe navorsers in staat is wanneer die private sektor bereid is om mildelik die nodige fondse beskikbaar te stel. In die minder as twintig jaar van sy bestaan, het die GHIL reeds meer as sestien voorste publikasies die lig laat sien en die werk onder bespreking is die jongste toevoeging tot hierdie lys.

Een van die belangrikste doelstellings van die GHIL is om kenners van bepaalde terreine en aspekte van die Duitse en Britse geskiedenis byeen te bring en hulle aan hoogs gespesialiseerde seminare te laat deelneem. Die resultate van hierdie seminare word dan in die reël gepubliseer en aan 'n wyer leserskring bekendgestel. *The policies of genocide* is die produk van 'n hele reeks seminare wat oor die afgelope paar jaar deur die GHIL aangebied is, en wat as uitgangspunt die hoogsomstrede beleid van rassemoord het. Vyf van Duitsland se voorste historici, onder andere die baie bekende Hans Mommsen van Bochum, het tot hierdie bundel bygedra. Die direkteur van die GHIL, Wolfgang Mommsen, het op bondige wyse die verskillende vertolkings van die medewerkers in die voorwoord saamgevat en Gerhard Hirschfeld het die werk waardevol aangevul deur 'n sinoptiese oorsig van die vernietiging van die Europese Jodedom te gee.

Slegs 'n handjievol laaste oorlewende en "onbekeerde" nasionaal-sosialiste en fanatiese anti-Semiete sal vandag nog ontken dat minstens 5,1 miljoen Jode gedurende die Tweede Wêreldoorlog sistematies in spesiaal ontwerpte gaskamers om die lewe gebring is. Hierdie afgryslike massamoord wat in die naam van die Duitsdom gepleeg is, is só 'n unieke en eenmalige historiese gebeurtenis dat daar gedurende die sestiger- en sewentigerjare 'n eie besondere benaming daaraan gegee is, te wete, die "Holocaust". Konsentrasiekampe soos Auschwitz-Birkenau, Belzec, Sobibor, Treblinka, Majdanek en Chelmno het sinoniem met die Holocaust geword.

Om die Holocaust te beskryf verg nie net senuwees van staal nie, maar dit beproef die historikus se vermoë tot objektiwiteit en onpartydigheid tot breekpunt. Trouens, die skrywers van hierdie bundel is dit almal eens dat wanneer so 'n emosionele tema ondersoek word daar hoegenaamd geen sprake van onpartydigheid meer kan wees nie. Dit is wel waar dat skrywers vandag, veertig jaar na die Holocaust, meer perspektief op die gebeurtenis het, en hierdie perspektief neig om 'n kalmerende invloed op die gemoedere te hê. In dié sin is werke oor die Holocaust vandag meer objektief en minder emiosoneel belaai as die Joodse geskrifte oor die "ses miljoen" in die vyftigerjare en talle Duitsers se pogings om die Holocaust eenvoudig "weg te dink".

Vir baie jare het die debat oor die Holocaust rondom getalle gedraai. Vir die Jode was dit van die allergrootste belang om die getal slagoffers van die rassemoord so hoog as moontlik te stel en hulle weier nog

self vandag om van die byna apokaliptiese getal van "ses miljoen" afstand te doen; dit ten spyte van oorweldigende getuienis dat die getal te hoog geskat is, en dat getalle op sigself nie juis 'n maatstaf is om barbarisme mee te meet nie. Met ander woorde, die Duitsers se optrede word nie minder of meer barbaars en wreed na gelang die getal van die slagoffers styg of daal nie. Moord bly moord en rassemoord, of een of ses miljoen daarby betrokke was, bly eenvoudig onregverdigbaar en moet enige regdenkende mens met die diepste afgryse vervul. Kortom, dit is eenvoudig tydverkwisting om langer oor die omvang van die Holocaust te argumenteer en enige poging om hierdie gebeurtenis te probeer verkleineer of weg te redeneer, spreek van morele oppervlakkigheid en skynheiligheid. Nogtans is dit verbasend hoe baie mense daar is wat eenvoudig die Holocaust aan Joodse propaganda toeskryf en alles in die stryd werp om die Nazi's se optrede teenoor die Jode te regverdig (in Suid-Afrika neem S.E.D. Brown en sy *South African Observer* die voortou!).

Die debat rondom die Holocaust, en dit is Duitse historici wat die voortou neem, word tans gevoer om die kernvraag van hoe 'n hoogs beskaafde en kultureel ontwikkelde volk soos die Duitsers in 'n geïndustrialiseerde staat in die twintigste eeu tot 'n barbarisme kon daal wat in die geskiedenis nie sy gelyke het nie. Die vraagstelling is byna so kompleks soos die talle antwoorde en verklarings wat daarvoor gebied word. In ouere werke oor die Holocaust het skrywers van die simplistiese veronderstelling uitgegaan dat Hitler en Hitler alleen vir al die wandade van die nasionaal-sosialistiese bewind verantwoordelik was. Hitler het dit vanuit die staanspoor onomwonde gestel dat hy die Jode vir al Duitsland se probleme verantwoordelik gehou het en dat die Jode eenvoudig "uitgeroei" moes word. In sy beroemde rede voor die *Reichstag* op 30 Januarie 1939 het Hitler sy vasberadenheid om van die Jode ontslae te raak in geen onsekere taal te kenne gegee nie: "Today I shall once more be a prophet. If the international Jewish financiers inside and outside Europe should again succeed in plunging the nations into another world war, then the result will not be the Bolshevization of the world and thus a victory for Jewry, but the annihilation of the Jewish race in Europe." Hitler het hierdie dreigement telkens herhaal.

Omdat anti-Semitisme en rassemeerderwaardigheid 'n kernbestanddeel van Hitler se totale *Weltanschauung* was, sien skrywers soos Lucy Dawidowicz en Eberhard Jäckel 'n sentrale lyn tussen Hitler se program van selfverklaarde anti-Semitisme en die uiteindelike implementering van die rassemoord. Met ander woorde Hitler het van meet af aan die fisiese uitdelging van die Jode nagestreef. Gedurende die Internasionale Militêre Tribunaal in Neurenberg in 1946 het die Nazi-leiers eenstemmig die blaam vir die Holocaust op die skouers van die *Fuehrer* geplaas en aangevoer dat hulle bloot op sy bevele gereageer het. Sodoende het hulle die opvatting dat Hitler alleen vir die uitdelging van die Jode verantwoordelik was, versterk.

In hierdie werk onder bespreking word die simplistiese en monokausale vertolking van die Holocaust bevraagteken. Hoewel al die skrywers dit eens is dat Hitler in die laaste instansie die verantwoordelikheid vir die uitdelging van die Jode moet dra, bevraagteken hulle die opvatting dat Hitler 'n langtermynprogram vir die fisiese uitdelging van die Jode gehad het. Voorts beweer die skrywers dat die Holocaust veel eerder die gevolg van korttermynimprovisasie was en dat die teenspoed wat Hitler met die Russiese veldtog ondervind het die weg vir 'n radikale en finale (*Endlösung*) oplossing van die Joodse vraagstuk gebaan het.

Vir meer as veertig jaar nou soek kenners van die nasionaal-sosialisme na die sogenaamde "vermiste skakel" in die lang en ingewikkelde weg wat uiteindelik na Auschwitz gelei het, naamlik 'n bevel van Hitler waarin hy aan sy onderdaniges (veral Heinrich Himmler en Reinhard Heydrich) die opdrag gegee het om die Jode sistematies om die lewe te bring. Hierdie bevel is tot vandag toe nog nie gevind nie, en dit sal waarskynlik nooit gevind word nie. Verder kom dit vreemd voor dat Hitler nooit 'n bespreking oor die lotgevalle van die Jode bygewoon het nie, en dat die belangrikste besluit oor die implementering van die Holocaust (die sogenaamde Wannsee-konferensie van Januarie 1942) in sy afwesigheid geneem is. Origens is dit opvallend dat wanneer Hitler se anti-Joodse uitlatings van nader ondersoek word dit duidelik blyk dat sy anti-Semitisme nie noodwendig meer radikaal was as dié van sy tydgenote nie, en verder wil dit voorkom asof Hitler die hele kwessie van die Jode eerder gebruik het om van die Weste (veral Brittanje en Frankryk) konsessies te verkry in Oos-Europa. Selfs sy beroemde rede voor die *Reichstag* in Januarie 1939 moet in die eerste plek in hierdie verband gesien word.

'n Kenmerk van Hitler se persoonlikheid was dat hy baie selde direkte verantwoordelikheid vir 'n bepaalde optrede aanvaar het. Hy het dit verkies om die proses van besluitneming aan sy ondergeskiktes oor te laat. So byvoorbeeld was dit veel eerder Hermann Goering se optrede wat die anneksasie van Oostenryk verseker het en die berugte Rykskristalnag was merendeels die werk van Joseph Goebbels. Hitler het homself as die groot ideoloog van die nasionaal-sosialisme beskou en hy was net te bly dat ander sy ideologie in die praktyk omskep het. Trouens, wanneer daar krities na die Neurenbergse rassewette van 1935 gekyk word, is dit opvallend dat Hitler die gematigde faktor was, hoewel sy hart aan die kant van die ekstremiste was. Sonder om self standpunt in te neem en dus die gevaar te loop dat die meer konserwatiewe elemente in die Duitse staatsdiens teen hom sou draai, kon Hitler die meer radikale besluite aan ander oorlaat. Hitler kon dus altyd sy posisie as die gevierde en goeie leier by die Duitse volk behou.

Ondersoeke na die aard en wese van die Nazi-staat het aan die lig gebring dat die Derde Ryk geen

monolitiese kolos was nie en dat die verskillende departemente dikwels beleidsrigtings gevolg het wat lynreg teenoor mekaar gestaan het. Die enigste werklike samebindende faktor binne die Derde Ryk was die figuur van Hitler, en wat bo alle twyfel vasstaan, is dat almal hul bes gedoen het om in die goeie boekies van Hitler te bly. Elke nuwe opdrag is vertolk as 'n direkte wens van die *Fuehrer*. Dit is dus twyfelagtig of enige langtermynplan binne die burokratiese doolhof van die Derde Ryk enige sukses op implementering gehad het. Veel eerder wil dit voorkom asof Hitler die ideologiese brandstof besorg het vir 'n reeks uiters omstrede en soms radikale *ad hoc* besluite. Die Holocaust was geen uitsondering op hierdie reël nie.

Ofskoon Hitler by herhaling van die vernietiging van die Jodedom gepraat, en die Jode as die "laagste skepsels" beskou het, is daar geen afdoende bewyse dat hy ooit van die fisiese uitdelging van die Jode melding gemaak het nie. Dit is dus 'n ope vraag wat Hitler met die Jode in gedagte gehad het. Tot 1940 is die emigrasieskema na Madagaskar ernstig oorweeg, maar na die Poolse veldtog en die aanwins van meer as drie miljoen Jode in die Ooste het hierdie skema prakties onuitvoerbaar geword. Dat Hitler steeds aandag aan die uiteindelike oplossing van die Joodse vraagstuk geskenk het, kan nie betwyfel word nie, maar wat wel vandag nie meer so vasstaan nie, is dat die Holocaust vooraf noukeurig beplan is.

In die voorgeskiedenis van die Holocaust speel die Russiese veldtog (22 Junie 1941) 'n deurslaggewende rol. Vir die eerste keer kon Hitler sy rasse-ideologie met die oorlogspoging verbind. Vir hom was die stryd teen Rusland veel meer as die blote soeke na nuwe lewensruimte vir die Duitse volk; dit was 'n ideologiese stryd teen die gehate Joods-geïnspireerde Bolsjewisme. Gevolglik het Hitler in al sy aanwysings vir Onderneming Barbarossa (insluitende die berugte Kommissaris-opdrag) aan die leiers van die *Wehrmacht* dit duidelik gestel dat hulle meer as net 'n konvensionele oorlog teen Rusland sou voer. Hulle sou in 'n stryd om lewe en dood betrokke raak en omdat dit die hele wese en toekoms van die Duitse volk geraak het, was dit absoluut noodsaaklik dat daar teenoor die vyand hoegenaamd geen genade betoon moes word nie. Hitler het die stryd teen Rusland as 'n uitdelgingsoorlog beskou en omdat hy die Jode vir Bolsjewisme verantwoordelik gehou het, is dit byna vanselfsprekend dat hy genadelose optrede teenoor hulle verwag het.

Dat Hitler daarin geslaag het om die konserwatiewe Pruisiese militêre leiers van sy radikale oorlogsvoering te oortuig, spreek uit die feit dat die *Wehrmacht* selfs bereid was om die berugte *Einsatzgruppen* te ondersteun in hulle uitdelging van Jode en Russiese krygsgevangenes. Die regverdiging vir hierdie koelbloedige moorde was suiwer ideologies. Die presedent vir die Holocaust was geskep. Teen die einde van 1941 was dit vir Hitler duidelik dat hy nie daarin sou slaag om Rusland spoedig in 'n *Blitzkrieg* te onderwerp nie. Waar hy steeds gehoop het om die Joodse probleem finaal na die onderwerping van Rusland die hoof te bied, het dit geblyk dat dié opsie nie meer uitvoerbaar is nie. Sy ondergeskiktes, maar veral Bracke, Himmler en Heydrich, het toe in terme van 'n "finale oplossing" begin dink wat teen die begin van 1942 op die Holocaust uitgeloop het.

Dat Hitler nie van die implementering van die Holocaust geweet het nie soos die Britse skrywer David Irving (*Hitler's War*, London, 1977) beweer, word deur die skrywers van hierdie bundel summier verwerp. Alle getuienis dui daarop dat Hitler presies geweet het wat Himmler en sy trawante besig was om te doen, maar verkies het om te maak asof dit nie plaasgevind het nie. Almal wat in Hitler se teenwoordigheid gekom het, was ten strengste belet om enigsins oor die uitdelging van die Jode 'n woord te rep. Trouens, die hele onderneming is geheim gehou, want dit is byna seker dat die meerderheid van die Duitse volk nooit hulle steun aan so 'n afgryslike onderneming sou gee nie.

In die laaste referaat in hierdie bundel ondersoek Hans Mommsen die hele kwessie van hoe 'n ondenkbare daad soos massamoord uitvoerbaar was. Hy kom tot die gevolgtrekking dat tradisionele Duitse anti-Semitisme en die outoritêre karakter van die Duitse staat nie voldoende verklarings bied vir die Holocaust nie. Die nasionaal-sosialiste se vermoë om nuwe burokratiese middele te skep en hulle seleksie van al die negatiewe aspekte in Hitler se beskouinge het die grondslag gevorm vir die implementering van die andersinds ondenkbare. Ten slotte oordeel Mommsen: "The genesis of the Holocaust offers a deterrent example of the way in which otherwise normal individuals can be led astray when they live in a permanent state of emergency, when legal and institutional structures collapse, and when criminal deeds are publicly justified as national achievements. The Holocaust is a warning against racial phobias and social resentment of minority groups; but it is also a reminder that the manipulation and deformation of public and private morality are a constant threat even in advanced industrial societies."

Wat 'n mens die meeste van die tragiese geskiedenis van die Holocaust opval, is dat, ten spyte van die implementeerders daarvan se morele afstomping (wat Hannah Arendt die "banality of evil" noem) en hulle verwronge sin vir wat "humaan" was, kon hulle self nie die afskuwelikheid van hul dade verwerk nie. Aan die einde van die oorlog het hulle alles in die stryd gewerp om hul "dade" van die aardbol te vee, en toe dit tog ontdek is, het hulle hulself moreel probeer verontskuldig deur agter die verskoning van plig en bevel te skuil. Dat die Duitse volk sy geskiedenis met hierdie skandvlek vir altyd belas het, is die grootste ramp wat hulle sekerlik getref het, maar in hul skuld vir die Holocaust staan hulle nie altyd so alleen soos hul eermalige teenstanders wil voorgee nie. Vandag staan die Geallieerdes van gister ook in die aanklagtebank,

want hulle het hopeloos te min gedoen om die Jode uit die hande van hul moordenaars te probeer red. Die enigste manier waarop morele skuld die hoof gebied kan word, is om die verlede met al sy foute en mistastings vierkantig in die gesig te kyk en daardie foute steeds voor oë te hou sodat 'n soortgelyke tragedie onherhaalbaar word. Hierdie werk is juis 'n poging in daardie rigting.

WERNER VAN DER MERWE
*Universiteit van Suid-Afrika*

JOSEPH BERGIN, *Cardinal Richelieu. Power and the pursuit of wealth*, Yale University Press, New Haven and London, 1985, 341 pp.

Kardinaal Richelieu se politieke loopbaan en sy pogings om Frankryk van 'n middeleeuse tot 'n moderne staat, asook in die magtigste moondheid in Europa te verander het al talle historici se aandag geniet. Daarteenoor is Richelieu se opeenhoping van 'n fortuin in grond, geboue, geld en die inkomste uit sy titels en politieke posisies, wat hom een van die rykste persone ooit in die Franse geskiedenis gemaak het, betreklik verwaarloos. Dit was juis in hierdie leemte ten opsigte van Richelieu dat Joseph Bergin van die Universiteit van Manchester sy waardevolle bydrae gelewer het. Deur van voorheen onbenutte bronne gebruik te maak, het Bergin suksesvol daarin geslaag om 'n wetenskaplike uiteensetting van die verrykingsproses van Richelieu en sy familie te skets. Dit strek van sy vader se dood en daarmee gepaardgaande bankrotskap, totdat hul een van die invloedrykste families in Frankryk geword het. Bergin dui ook daarop dat die mislukking en bankrotskap van Richelieu se vader vir sy intense ambisie verantwoordelik was. Hy was gedetermineerd om 'n permanente plek vir sy familie in die boonste lae van die Franse aristokrasie uit te kerf en sodoende alle herinneringe van gebrek wat hy in sy vormingsjare moes ondervind, permanent te verwyder. Die ironie van Richelieu se intense ambisie om mag en rykdom vir sy familie te verkry, blyk daaruit dat hy hom juis aan dieselfde kenmerke van die Franse aristokrasie wie se mag en invloed hy juis wou beperk, skuldig gemaak het. 'n Verdere bydrae van Bergin se navorsing is die duidelike verwantskap tussen 'n aristokraat se politieke amp of posisie aan die koningshof wat sy finansiële gewin en welstand bepaal het. Dit bevestig dan ook die skeiding tussen die welaf aristokrasie aan die hof en die verarmde adel op die platteland wat nie dieselfde geleenthede vir selfverryking geniet het nie.

Nieteenstaande die belangrike bydrae van die boek tot die historiografie oor Richelieu is dit egter slegs vir 'n selektiewe groep en nie vir die leek geskik nie. Vir die historikus met 'n spesialiteitsbelangstelling in Richelieu en sy tydperk in die Franse geskiedenis is dit 'n onmisbare bydrae wat hom 'n beter insig in die lewe van die kardinaal sal verskaf.

F A MOUTON
*Universiteit van Pretoria*